

LL

Saak No 145/1994

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
APPELAFDELING

Insake die appèl van:

VRYSTAAT MOTORS

Appellant

teen

HENRY BLIGNAUT (EDMS) BEPERK

Respondent

HOF: CORBETT HR, VAN HEERDEN, VIVIER,
MARAIS ARR en VAN COLLER Wnd AR

VERHOORDATUM: 6 NOVEMBER 1995

LEWERINGSDATUM: 27 NOVEMBER 1995

UITSPRAAK

VAN HEERDEN AR:

Gedurende Februarie 1993 het die appellant 'n aansoek teen die respondent in die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling aanhangig gemaak. Daarin het hy o a betaling van die som van R97 000 gevorder. Die tersaaklike bewerings in die funderende verklaring kan soos volg saamgevat word:

(1) Op 26 Mei 1992 het die appellant vier bakkies van die respondent aangekoop teen kooppryse wat in totaal R97 000 beloop het. (Gerieflikheidshalwe verwys ek voortaan na hierdie voertuie as "die Toyota" en "die ander drie bakkies".) Die appellant het die totale koopprys betaal en die volgende dag is die voertuie aan hom gelever.

(2) Tydens 'n telefoniese gesprek op 8 Junie is ooreengekom dat die aankoop van die Toyota gekanselleer sou word omdat o a die masjien daarvan in 'n swak toestand was, en dat die respondent 'n tjek vir die betrokke koopprys (R23 250) sou oorhandig aan die appellant se bestuurder wat die Toyota by die respondent se besigheidsperseel in

Germiston sou terugbesorg.

(3) Teruglewering het op 10 Junie geskied maar die respondent het versuim om 'n tjek aan die bestuurder te gee.

(4) Nadat die respondent verskeie beloftes nie nagekom het nie, is die appellant op 17 Julie deur die respondent meegedeel dat die Toyota moontlik 'n gesteelde voertuig was en dat die partye eers die afhandeling van 'n polisieondersoek moes afwag. Die appellant het toe 'n dagvaarding teen die respondent in die Vrystaatse Provinsiale Afdeling laat uitreik. Daarin het hy betaling van die som van R23 250 gevorder op grond van die aangevoerde ooreenkoms van 8 Junie.

(5) Die ander drie bakkies is mettertyd (dit moes voor 17 Julie gewees het) deur die appellant aan drie verskillende persone verkoop en gelewer. Op daardie datum is die appellant deur adjudant-offisier Abrams meegedeel dat die drie bakkies vermoedelik gesteelde voertuie was en dat hy op hulle beslag wou lê ten einde 'n inspeksie uit te voer.

As gevolg van 'n latere reëling tussen die appellant en Abrams is twee van die bakkies toe in Bloemfontein, en die ander een in Kaapstad, geïnspekteer. Dit het gelei tot beslaglegging op die drie bakkies ingevolge art 20 van die Strafproseswet 51 van 1977 ("die Wet").

(6) Op 27 Julie het die appellant die kooppryse van die drie bakkies aan die drie kopers terugbetaal nadat die betrokke koopkontrakte konsensueel gekanselleer is.

(7) Alvorens die ondersoek van die polisie afgehandel was, het die appellant se prokureur op 24 November 'n skrywe aan die respondent se prokureur gerig. Daarin is die respondent versoek om die appellant by te staan in sy strewe om herbesit van die bakkies te verkry. Aangeheg by die skrywe was 'n brief gerig deur eersgenoemde prokureur aan die polisie waarin teruglewering van al vier bakkies ingevolge art 31(1) van die Wet gevorder is weens die lang tydsverloop vanaf Julie. Die respondent het egter geweier om enigsins saam te werk.

(8) Hierna het die appellant se prokureur 'n skrywe van die polisie, gedateer 11 Desember, ontvang. Daarin is o a die volgende gesê:

"Nieteenstaande die feit dat die ondersoek nog nie in alle fasette voltooi is nie, is dit reeds op hierdie stadium duidelik dat bovermelde voertuie gesteel is en gesteel gebly het en dat u kliënt dit derhalwe nie wettiglik mag besit nie. (In die verband word u respekvol verwys na die bepalings van artikel 31 van die *Strafproseswet*, 1977 (Wet No. 51 van 1977) saamgelees met die uitspraak van Van Heerden AR in *Minister van Wet en Orde v Datnis Motors (Midlands) (Edms) Bpk* 1989 (1) SA 926 (A).

Alhoewel die Suid-Afrikaanse Polisie, uit vrees daarvoor dat die ondersoek en daaropvolgende vervolging benadeel kan word, nie van voorneme is om u van volledige gronde te verskaf nie, kan dit gemeld word dat die koderingsnommers wat op die voertuie verskyn nie aan die voertuie behoort nie. Verder is tekens van peutering in die omgewing van die nommers duidelik sigbaar. Aangesien dieselfde valse nommers ook op die registrasiedokumente voorkom is die afleiding feitlik onafwendbaar dat die voertuie gesteel is en gesteel gebly het.

In die omstandighede, neem die uiteengesette gronde vir u kliënt se aanspraak, nie die aangeleentheid enigsins verder nie en is dit met spyt dat ek u moet meedeel dat die voertuie nie terugbesorg sal word nie."

(Die inhoud van hierdie brief is in 'n aparte beëdigde verklaring van 'n polisiebeampte bevestig.)

Hier dien gemeld te word dat hoewel die appellant nie in soveel woorde so sê nie, dit duidelik is dat die brief van 11 Desember ook op die Toyota betrekking gehad het. Soos hieronder blyk, is hierdie bakkie ook deur die polisie in beslag geneem.

Samevattend het die appellant sy aanspraak op terugbetaling van die totale koopprys berus op die premisse dat weens die diefstal van die bakkies die appellant nie weer in besit daarvan gestel sou word nie en dus uitgewin is.

In die bestrydende verklaring het die respondent in eerste instansie gesteun op klousule 2 van die verkoopsvoorwaardes vervat in 'n skriftelike dokument wat die partye by die aankoop van die vier bakkies geteken het. Dit het soos volg gelui:

"I [die appellant] agree that the Owners [die respondent] have

given no warranty whatever as to the state, condition or quality of the Vehicle, or as to its fitness for any purpose and any implied warranty is expressly excluded and the Vehicle is sold 'voetstoots'."

Wat die Toyota betref, het die respondent ontken dat dit onderneem het om die koopprys aan die appellant terug te betaal. Al wat ooreengekom is, so is beweer, was dat die respondent die voertuig sou herstel na terugbesorging daarvan by die respondent se perseel. Kort na teruglewering het die polisie op die Toyota beslag gelê as synde 'n gesteelde voertuig en daarna in besit daarvan gebly.

Die respondent het voorts beweer dat dit die vier bakkies in Mei 1992 van Markos Investments CC ("Markos") aangekoop het as "vehicle status number 3" voertuie, d w s heropgeboude voertuie wat opnuut geregistreer was. Op sterkte van 'n aantal dokumente het die respondent voorts twyfel probeer werp op die polisie se bewering dat die vier bakkies gesteelde voertuie was.

In repliek het die appellant o a gesteun op 'n beëdigde verklaring van Abrams wat teen daardie tyd 'n luitenant was. Samevattend sê hy dat hy betrokke was by 'n omvangryke ondersoek rakende 160 voertuie. Hierdie ondersoek was toegespits op grootskaalse diefstal van veral bakkies deur 'n sindikaat diewe. Drie verdagtes was reeds gearresteer en verhoorafwagtend. Die vier bakkies wat tans ter sprake is, en wat klaarblyklik deel van die 160 voertuie was, se valse koderingsnommers het oorspronklik behoort aan voertuie wat algehele wrakke was. Die vier bakkies is nie van sodanige wrakke na hul huidige toestand verander nie en daar is voorts tekens van peutering in die omgewing van die koderingsnommers. Dieselfde vals nommers kom ook voor op die vier bakkies se registrasiedokumente. Wat dus gebeur het, is dat nadat die vier bakkies gesteel is hul koderingsnommers by wyse van vervalsing vervang is met die wrakke se sodanige nommers, en dat hulle toe met die vals nommers hergeregistreer is.

In die hof *a quo* het die respondent blykbaar op verskeie gronde aangevoer dat die aansoek afgewys moes word. Een daarvan was dat al sou die appellant uitgewin gewees het, die respondent weens die bepalinge van die hierbo aangehaalde klousule 2 van die verkoopsvoorwaardes nie verplig was om die koopsom aan die appellant terug te betaal nie. Die hof het bevind dat daar heelwat te sê was vir die konstruksie dat die woorde "any implied warranty" ook die stilswyende waarborg teen uitwinning uitgesluit het. Weens oorwegings wat vir my nie duidelik is nie, is egter voorts bevind dat al sou daar twyfel bestaan het oor die juiste uitleg van klousule 2 dit voorsienbaar was dat 'n feitelike dispuut aangaande daardie uitleg sou ontstaan, welke dispuut slegs deur die aanhoor van mondelinge getuienis bygelê sou kon word. Gevolglik is die aansoek met koste afgewys. Later het die appellant ingevolge art 21(2), saamgelees met art 20(4)(b), van die Wet op die Hooggeregshof 59 van 1959, verlof verkry om teen bedoelde bevel na

hierdie hof te appelleer.

Dit is dienstig om ter aanvang op die effek van klousule 2 van die verkoopsvoorwaardes te let. Selfs in die veronderstelling dat dit aanspreeklikheid vir uitwinning uitsluit, baat dit nie die respondent nie.

Meestal met 'n beroep op D 19.1.11.18 leer 'n hele aantal van ons ou skrywers naamlik dat 'n beding waarvolgens die verkoper in geval van uitwinning nie aanspreeklikheid oploop nie, nie in die weg staan van 'n uitgewonne koper se vordering vir terugbetaling van die koopprys nie.

So 'n beding bring slegs mee dat die koper nie ook skadevergoeding kan verhaal nie. Sien o a Van Leeuwen C F 1.4.19.14; Voet 21.2.31;

Groenewegen, nota 20 by De Groot 3.14.4; Matthaeus, *De Auctionibus* 1.14.5, en Van der Keessel, *Praelectiones* Th 640. Van Nieustad en

Kooren, vonnis 68, vermeld ook 'n gewysde van die Hoogen Raad van Holland, Zeeland en West Friesland waarin in dier voege beslis is. En in

Alpha Trust (Edms) Bpk v Van der Watt 1975 (3) SA 734 (A) 745-6, is

met blykbare goedkeuring na meeste van hierdie bronne verwys.

Voet se motivering vir die gedeeltelike onafdwingbaarheid van die beding onder bespreking is dat "a *bonae fidei* contract does not admit of this covenant that the purchaser should lose the thing and the seller should keep the price". (Gane se vertaling, band 3, p 686.) Pothier,

Contract of Sale, se ietwat soortgelyke motivering lui:

"... as the buyer is not obliged to pay and does not in fact pay the price, but in consequence of the seller's promise to cause him to have the thing, if the seller does not fulfil this promise, the cause for which the buyer pays the price no longer subsists, and the seller, being in possession of it without cause, is consequently bound to restore it." (Cushing se vertaling, p 115.)

In aanvullende betoogshoofde het die respondent se advokaat nietemin betoog dat hierdie hof nie gevolg aan bostaande reël moet gee nie. In eerste instansie is aangevoer dat Schorer 'n teenoorgestelde standpunt ingeneem het (aantekening CCCL op De Groot 3.14.6.) Die beroep op Schorer is egter heeltemal misplaas. In die betrokke

aantekening verwys hy naamlik glad nie na 'n beding wat aanspreeklikheid vir uitwinning uitsluit nie, maar wel na 'n geval waarin die koper bewus is dat die saak nie die eiendom van die verkoper is en nie sorg dra dat die koopkontrak 'n beding bevat wat hom *uitdruklik* teen uitwinning vrywaar nie. In so 'n geval, sê Schorer, leer sommige skrywers dat indien die koper uitgewin word hy nogtans die koopprys van die verkoper kan verhaal, maar dat die Hof van Mechelin en die Raad van Brabant anders beslis het.

Morice, *Sale in Roman-Dutch Law*, p 130, se beroep op Schorer is eweneens mis, en in die verbygaan kan daarop gewys word dat na oorweging van talle gemeenregtelike bronne Roberts Wnd R beslis het dat selfs in die geval waaroor Schorer dit het die koper in die reël die koopprys mag terugvorder. In *Van der Westhuizen v Yskor Werknemers se Onderlinge Bystandsvereniging* 1960 (4) SA 803 (T), het hy naamlik die volgende regsreël geformuleer (op p 812 A-B):

"Waar 'n koper wetende 'n *res aliena* koop, sonder kwade trou en sonder om uitdruklik of deur sy optrede te kenne te gee dat hy 'n *emptio spei* aangaan, dan is hy, by uitwinning, geregtig op terugvordering van die koopprys, maar nie op verhaal van die *id quod interest* nie."

Mackeurtan, *Sale of Goods in South Africa*, 5de uitgawe, p 172, n 3, en Norman, *Purchase and Sale in South Africa*, 4de uitgawe, p 291, gee ook te kenne dat Schorer afwyk van bostaande standpunt van Voet *et al.* Hulle gaan egter verder deur hul ook op De Groot 3.14.6 te beroep. Maar hierdie teks het dit nog minder as Schorer se aantekening oor 'n beding wat aanspreeklikheid vir uitwinning uitsluit. Sover ek kon nagaan, is daar dan ook nie 'n enkele gemeenregtelike skrywer wat bedoelde standpunt betwyfel nie.

Wat moderne skrywers betref, word die standpunt as 'n gevestigde regsreël aanvaar deur Wessels, *The Law of Contract in South Africa*, 2de uitgawe, band 2, para 4602, en De Wet en Van Wyk, *Kontraktereg en Handelsreg*, 5de uitg., band 1, pp 331-2.

Hoewel hy nie bostaande gemeenregtelike posisie betwyfel nie, meen Mostert, *Uitwinning by die Koopkontrak in die Suid-Afrikaanse Reg* (ongepubliseerde proefskrif) vol 1, p 358, en vol 2, pp 472-3, egter dat dit nie hedendaags nagevolg moet word nie. (Sien ook Mostert, Joubert en Viljoen, *Die Koopkontrak*, p 154, en Mostert in *Acta Juridica* 1968, p 52.) Sy vernaamste argument - wat ook een is wat aanvanklik namens die respondent aangevoer is - kom daarop neer dat die reël waarvolgens die verkoper normaalweg vir uitwinning aanspreeklik is tot die reëlende reg behoort, en dat daar dus geen logiese rede is waarom die partye tot 'n koopkontrak nie by ooreenkoms die reël kan uitsluit nie.

Die bondigste antwoord op hierdie argument is natuurlik dat volgens die gemeenregtelike opvatting die reël dat die verkoper in geval van uitwinning verplig is om *die koopprys* terug te betaal juis nie deel van die reëlende reg is nie. 'n Mens moet nietemin toegee dat die redes waarom dit die regsposisie is uit 'n oogpunt van logika nie ten volle

bevredigend is nie. Soos reeds dikwels opgemerk, is die reg egter nie altyd volkome logies nie: vgl *Du Plessis NO v Strauss* 1988 (2) SA 105 (A) 143 H-I. En dit is sekerlik nie onbillik nie dat die koper wat deur uitwinning die saak ontnem is selfs in die aanwesigheid van die meermaal genoemde beding die koopprys - maar nie ook skadevergoeding nie - van die verkoper kan verhaal. Immers, die koper onderneem om die koopprys te betaal in die stellige verwagting dat hy nie uitgewin sal word nie.

Daar bestaan dus nie 'n dwingende rede nie waarom hierdie hof moet afwyk van 'n reël wat eenstemmig deur ons ou skrywers aanvaar en bowendien deur die Hooge Raad toegepas is. Dit het die advokaat vir die respondent dan ook aan die einde van sy mondelinge betoog toegegee. Gevolglik kon die respondent hom nie op grond van klousule 2 van die verkoopsvoorwaardes, in sy veronderstelde uitleg, teen die appellant se vordering vir terugbetaling van die koopprys verweer nie.

Uitwinning vind in die reël plaas wanneer die koper die verkoopte saak geheel of gedeeltelik ontnem word òf omdat die verkoper nie eienaar daarvan was nie òf omdat sy eiendomsreg beperk was. Die klassieke geval van uitwinning is natuurlik dié waarin die koper op aandrang van dié ware eienaar die saak aan laasgenoemde lewer. Die vraag ontstaan nou of en, indien wel, wanneer 'n beslaglegging op 'n saak ingevolge art 20 van die Wet uitwinning tot gevolg het.

Art 31(1)(a) en (b) van die Wet lui soos volg:

"(a) Indien geen strafregtelike verrigtinge ingestel word in verband met 'n in artikel 30(c) bedoelde voorwerp nie of indien dit blyk dat so 'n voorwerp nie by die verhoor vir die doeleindes van bewyslewering of vir die doeleindes van 'n hofbevel nodig is nie, word die voorwerp teruggegee aan die persoon van wie dit in beslag geneem is, indien so 'n persoon daardie voorwerp wettiglik mag besit, of, indien so 'n persoon daardie voorwerp nie wettiglik mag besit nie, aan die persoon wat dit wettiglik mag besit.

(b) Indien niemand so 'n voorwerp wettiglik mag besit nie of indien die polisiebeampte belas met die ondersoek redelikerwys nie weet van iemand wat so 'n voorwerp wettiglik mag besit nie, word die voorwerp aan die Staat "verbeur."

Art 30(c), wat in art 31(1)(a) vermeld word, het betrekking op 'n voorwerp wat ooreenkomstig art 20 in beslag geneem is en wat in bewaring van of namens die polisie gebly het, soos die geval met die onderhawige vier bakkies was.

Ingevolge art 32 geld gelykluidende bepalings vir die geval waarin strafregtelike verrigtinge in verband met die voorwerp ingestel word en die beskuldigde sy skuld ooreenkomstig die bepalings van art 57 erken.

Art 34(1) is van toepassing by beëindiging van strafregtelike verrigtinge wat ingestel is in verband met 'n in art 33 bedoelde voorwerp. So 'n voorwerp is een wat in art 30(c) vermeld word en wat by 'n strafverhoor vir doeleindes van bewyslewering of van 'n hofbevel nodig is. Behoudens 'n tans ontersaaklike kwalifikasie bepaal art 34(1) dat die regter of regterlike amptenaar wat by strafregtelike verrigtinge voorsit by beëindiging daarvan 'n bevel moet gee dat so 'n voorwerp:

- "(a) aan die persoon teruggegee word van wie dit in beslag geneem is, indien so 'n persoon daardie voorwerp wettiglik mag besit; of
- (b) indien so 'n persoon nie op die voorwerp geregtig is of die voorwerp nie wettiglik mag besit nie, aan 'n ander persoon wat daarop geregtig is, teruggegee word, indien daardie persoon die voorwerp wettiglik mag besit; of
- (c) indien geen persoon op die voorwerp geregtig is of indien geen persoon die voorwerp wettiglik mag besit nie of, indien die persoon wat daarop geregtig is, nie opgespoor kan word nie of onbekend is, aan die Staat verbeur word."

(So 'n bevel kan ook later gemaak word : art 34(3).)

In *Minister van Wet en Orde v Datnis Motors (Midlands)*

(Edms) Bpk 1989 (1) SA 926 (A) 933-4, is beslis dat 'n gesteelde voorwerp nie ingevolge art 31(1) teruggegee mag word nie aan die origens onskuldige persoon uit wie se besit dit kragtens art 20 in beslag geneem is indien hy van die diefstal bewus geword het. (Gerieflikheidshalwe gebruik ek die frase "gesteelde voorwerp" ter aanduiding van 'n voorwerp 'n vroeëre diefstal waarvan tot datum van beslaglegging voortgeduur het, of, soos dit in *Datnis* gestel is, 'n voorwerp wat gesteel

is en gesteel gebly het.) Die rede is dat so 'n persoon dan nie die voorwerp wettiglik mag besit nie. Bostaande geld klaarblyklik ook vir artikels 32(1) en 34(1). Maar selfs al sou bedoelde persoon die voorwerp wettiglik mag besit, kan dit ingevolge art 34(1) slegs aan hom teruggegee word indien hy bowendien daarop geregtig is.

'n Koper van 'n voorwerp waarop ingevolge art 20 as 'n vermoedelik gesteelde voorwerp beslag gelê word, word klaarblyklik nie deur die blote beslaglegging uitgewin nie. Die voorwerp mag immers aan hom terugbesorg word. Net so klaarblyklik is so 'n koper wel uitgewin indien die voorwerp volgens òf art 31(1)(b) òf art 32(2) òf art 34(1)(c) aan die Staat verbeur word, of aan iemand anders - gewoonlik die eienaar- terugbesorg word. Maar moet die koper nou vir 'n onbepaalde tydperk na die beslaglegging, wat jare mag wees, wag al eer hy op grond van uitwinning teen sy verkoper kan optree omdat sodanige verbeuring of terugbesorging geskied het? Ek meen van nee. So gou dit blyk dat

die voorwerp nie aan die koper - of aan iemand wat deur hom 'n reg op besit van die voorwerp verkry het - terugbesorg sal word nie, is die koper immers reeds uitgewin aangesien sy tydelike verlies aan besit van die voorwerp weens die beslaglegging nou 'n permanente een geword het. Anders gestel, is hy nou in effek permanent die saak ontnem, òf deur die Staat òf deur die persoon aan wie die voorwerp terugbesorg staan te word.

Uit bostaande volg dat die appellant in eerste instansie moes aangetoon het dat die vier bakkies wel gesteelde voorwerpe was. Ek het reeds verwys na verklarings van polisiebeamptes waarin gesê is dat die bakkies wel gesteelde voertuie was o a omdat hulle valse koderingsnommers gehad het; daar tekens van peutering in die omgewing van die nommers was, en dieselfde vals nommers ook op die betrokke registrasiedokumente voorgekom het. (Die woord "koderingsnommers" slaan klaarblyklik op masjien- en onderstelnommers.) In die bestrydende

verklaring het die respondent enige suggestie van diefstal van die bakkies probeer weerlê deur onder andere te steun op aangehegte motorvoertuigklaringvoms ("klaringsvoms"). Soos reeds genoem, het die respondent op sy beurt die vier bakkies van Markos aangekoop en vermoedelik is hierdie voms deur laasgenoemde van die polisie verkry ten einde die voertuie te herregistreer. Al wat egter uit die voms blyk, is dat bakkies met sekere koderingsnommers, en in drie gevalle sekere registrasienommers, nie by die polisie as gesteel *aangemeld* is nie. Dit beteken nie dat hulle nie inderdaad gesteel is nie. Eerstens kon die eienaar versuim het om 'n diefstal aan te meld. Tweedens, indien die koderingsnommers van die vier bakkies wat aan die appellant gelewer is, vervals was, sou diefstal van voertuie met daardie nommers uiteraard nie as gesteel aangemeld gewees het nie. Ek kom later in meer besonderhede terug op die gegewens wat op die voms voorkom.

Voorts het die respondent wat die ander drie bakkies betref,

gesteun op aangehegte dokumente met die opskrif: "Kennisgewing van diefstal of permanente ongeskiktheid van geregistreerde motorvoertuig" (hierna aanmeldingsdokumente genoem). Hierdie dokumente is blykbaar vanweë die bepalings van Ordonnansie 21 van 1966 (Natal) deur die aanmelders van drie bakkies ingevul, geteken en by die polisie ingehandig. 'n Oningevulde aanmeldingsdokument maak voorsiening vir aanmelding dat 'n voertuig gesteel is ("rede (a)") of permanent vir gebruik as motorvoertuig ongeskik geraak het ("rede (b)"), en bevat twee blokkies waarin die aanmelder deur 'n merk soos 'n kruis te kenne kan gee welke rede op die aanmelding van toepassing is. Die een blokkie ("blokkie (a)") moet gemerk word as die voertuig gesteel is en die ander ("blokkie (b)") indien rede (b) geld.

Die eerste aanmeldingsdokument het betrekking op 'n bakkie ("bakkie (1)") met registrasienommer NP 30145 en in albei blokkies is kruisies aangebring. Die toepaslike datum betreffende beide redes vir

aanmelding word verstrek as 1 Januarie 1992 en daar word te kenne gegee dat diefstal van die bakkie op daardie dag by die polisie in Hilton gerapporteer is. Onder blokkie (b) verskyn egter in manuskrip: "Accident/Wright off". (Die woord "Wright" is waarskynlik as gevolg van 'n spelfout in plaas van "Write" gebruik.) Die enigste aanvaarbare afleiding is òf dat die aanmelder blokkie (a) per abuis gemerk het, òf dat die bakkie wel gesteel is en op dieselfde dag - allig toe dit deur die dief of 'n trawant bestuur is - in 'n ongeluk betrokke was. Hoe dit ook al sy, in die dokument wat 21 Januarie 1992 gedateer is, word gemeld dat dit vergesel gaan van die bakkie se registrasiesertifikaat.

Een van Markos se fakture het betrekking op 'n voertuig met registrasienommer NP 30145, d w s dieselfde een as dié wat op bogenoemde aanmeldingsdokument asook op een van die klaringsvorms voorkom. Die faktuur meld egter nie enige koderingsnommers nie. Die masjiennommer op die aanmeldingsdokument verskil geheel en al van

sodanige nommer wat op die betrokke klaringsvorm voorkom, en ook van die masjiennommer van elk van die vier bakkies wat aan die appellant gelever is.

Die tweede aanmeldingsvorm het betrekking op 'n bakkie ("bakkie 2") met registrasienommer NR 10155. Blykens 'n faktuur van Markos is 'n bakkie met hierdie registrasienommer aan die respondent verkoop op 22 Mei 1992, en volgens laasgenoemde is dit een van die ander drie bakkies wat weer aan die appellant verkoop is. Die faktuur vermeld nie enige koderingsnommers nie maar beide die masjien- en onderstelnummer van voertuig NR 10155 is op die aanmeldingsdokument ingevul en kom ooreen met dié van 'n tweede van die ander drie bakkies wat aan die appellant gelever is. Dieselfde nommers verskyn ook op een van die klaringsvorms en die registrasienommer op daardie vorm is ook NP 10155.

Slegs blokkie (a) is op die tweede aanmeldingsvorm gemerk,

en die betrokke gedeelte van die dokument gee te kenne dat bakkie 2 op 11 November 1991 gesteel is en dat die diefstal by die polisie in Howick gerapporteer is. Onder blokkie (b) verskyn egter die volgende in manuskrip: "Vehicle burnt out back". Dit laat 'n mens twyfel of die eienaar nie beoog het om die bakkie as permanent ongeskik, eerder as gesteel, aan te meld nie. Indien nou in ag geneem word dat die aanmelder in die dokument ook te kenne gee dat dit vergesel gaan van die betrokke registrasiesertifikaat, wat waarskynlik slegs in geval van aanmelding weens rede (b) ingedien hoef te word; dat die koderingsnommers en registrasienommer vermeld in die tweede aanmeldingsdokument dieselfde is as dié wat op een van die klaringsvorme voorkom, en dat in daardie vorm te kenne gegee word dat 'n voertuig met bedoelde nommers nie as gesteel gerapporteer is nie, is dit vir my aanneemliker dat bakkie 2 in die betrokke aanmeldingsdokument as permanent ongeskik, eerder as gesteel,

aangemeld is.

Ek kom dan by bakkie 3. Volgens die derde aanmeldingsdokument is die registrasienommer daarvan NIX 2293. Hierdie nommer kom ook voor op een van Markos se fakture, gedateer 22 Mei 1992, en een van die klaringsvorme, en volgens die respondent is die bakkie waarop dit betrekking het een van die ander drie wat aan die appellant gelewer is. Die koderingsnommers van een van sodanige bakkies is dieselfde as dié vermeld in die klaringsvorm, en die masjiennommer van daardie bakkie stem ooreen met die een wat in die derde aanmeldingsdokument ingevul is. (In daardie vorm word nie 'n onderstelnummer vermeld nie, terwyl die faktuur geen besonderhede oor die koderingsnommers bevat nie.) Die rede vir die aanmelding blyk duidelik uit die aanmeldingsdokument, nl permanente ongeskiktheid vir gebruik as motorvoertuig. Die oorsaak van die ongeskiktheid lui soos volg: "involved in an accident, damaged beyond repair".

Volgens 'n vierde faktuur van Markos, gedateer 7 Mei 1992, is 'n verdere bakkie aan die respondent verkoop. Die faktuur vermeld geen koderingsnommers nie en slegs 'n Transvaalse registrasienommer wat blykbaar by herregistrasie aan die voertuig toegeken is. Op die klaringsvorm waarop die respondent steun, kom geen registrasienommer voor nie; in die toepaslike ruimte is slegs "Vir Reg" (blykbaar betekende "vir registrasie") ingevul. Die koderingsnommers op die klaringsvorm is egter dieselfde as dié van die Toyota wat aan die appellant gelever is.

Betreffende die Toyota het die respondent nie 'n aanmeldingsdokument aangeheg nie maar wel gesteun op 'n dokument wat voorgee uitgereik te gewees het deur die Kwazulu Departement van Finansies op 16 Oktober 1991. Volgens dié dokument is 'n bakkie ("bakkie 4") op daardie datum aan 'n ongenoemde persoon verkoop op 'n sogenaamde "Kwazulu redundant motor vehicle sale". Die dokument vermeld nie 'n registrasienommer of die toestand van die voertuig nie,

maar die koderingsnommers wat daarop voorkom is dieselfde as dié van die Toyota wat aan die appellant gelewer is.

Samevattend is dit die respondent se saak dat bakkies 1 tot 4 dieselfde bakkies is as dié wat, sy dit dan ook tot 'n mate opgebou, aan die appellant gelewer is. In die veronderstelling dat die dokumentasie waarop die respondent steun in sy guns toelaatbaar is, bewys dit egter nie dat die vier bakkies wat aan die respondent gelewer is nie gesteelde voertuie was nie. Die teendeel is eerder waar. Aangenome dat bakkie 1 as gesteel aangemeld is en een van bogenoemde vier bakkies is, is die posisie dat bakkie 1 vier maande na die aanmelding met aangifte van dieselfde registrasienommer (NP 30145) deur Markos aan die respondent verkoop is, en 'n paar dae later met 'n valse masjiennommer deur laasgenoemde aan die appellant verkoop en gelewer is. Gesien die kort tydsbestek is dit vir my onwaarskynlik dat die polisie bakkie 1 na die diefstal en die vervalsing van die masjiennommer sou opgespoor en aan

die Natalse eienaar terugbesorg het, en dat laasgenoemde dit daarna verkoop het op 'n wyse wat dit voor 22 Mei 1992 in Markos se besit in die Transvaal sou laat beland het. Kortom, in bostaande veronderstelling was bakkie 1 'n gesteelde voorwerp toe dit aan die appellant gelever is. Indien hierdie bakkie egter bloot as permanent ongeskik aangemeld is, geld dieselfde as wat hieronder betreffende bakkies 2 en 3 gesê word.

Laasgenoemde twee bakkies was as't ware wrakke tydens die onderskeie aanmeldings. Dit pas in by Abrams se beskrywing van die werkswyse van die sindikaat, nl om die koderingsnommers van gesteelde voertuie te vervang met dié van wrakke. En indien bakkies 2 en 3 na die aanmeldings verkry is deur Markos of iemand anders wat hulle op 'n onskuldige wyse bloot heropgebou het, sou dit natuurlik nie nodig gewees het om in die omgewing van hul koderingsnommers te peuter nie. Die aanduidings is dus dat bakkies 2 en 3 nie dieselfde bakkies is as dié met ooreenstemmende koderingsnommers wat aan die appellant gelever is nie,

maar dat laasgenoemde bakkies gesteelde voorwerpe was die koderingsnommers waarvan valslik deur dié van bakkies 2 en 3 vervang is.

Die dokumentasie waarop die respondent steun en wat op bakkie 4 betrekking het, werp nie juis lig op die lotgevalle daarvan nie. Dit is egter ietwat vreemd dat die faktuur van Markos wat volgens die respondent op bakkie 4 van toepassing is geen koderingsnommers en ook nie die vorige Natalse registrasienommer vermeld nie. Hoe dit ook al sy, 'n mens weet nie of bakkie 4 ten tye van die veiling reeds so te sê 'n wrak was, of daarna een geword het nie, en indien hierdie bakkie na die veiling deur 'n onskuldige verkryer bloot heropgebou was, sou dit natuurlik net so min as in die geval van bakkies 2 en 3 nodig gewees het om in die omgewing van die koderingsnommers daarvan te peuter. Die peutering wat wel plaasgevind het in die omgewing van die Toyota se koderingsnommers dui dus daarop dat dit 'n gesteelde voorwerp was waarin die voertuig se oorspronklike sodanige nommers by wyse van

vervalsing vervang is deur dié van bakkie 4.

Die knoop word verder deurgehak deur Abrams. Soos reeds aangedui, sê hy dat die koderingsnommers van die vier bakkies waarop beslag gelê is dié is van ander voertuie wat totale wrakke geword het, en dat die vier bakkies nie voor enige moontlike opbouing fisies sodanige wrakke kon gewees het nie; m a w, dat die koderingsnommer van die vier bakkies vervals is. Voorts weet ons dat die masjiennommers, en in twee gevalle ook die onderstelnommers, van drie van die bakkies wat aan die appellant gelewer is, dieselfde is as dié van bakkies 2, 3 en 4. Die aanmeldings van bakkies 2 en 3 en die verkoop op 'n veiling van bakkie 4, asook die diefstal van bakkie 1 (indien dit wel gesteel is), het in Natal tussen Oktober 1991 en Maart 1992 geskied, en indien hulle dieselfde voertuie is as dié wat aan die appellant gelewer is, moes hulle op 'n bra toevallige wyse al vier voor omstreeks 22 Mei 1992 in besit van Markos in die Transvaal gekom het.

In die lig van al bogenoemde oorwegings meen ek nie dat daar realistiese sprake is nie dat die vier bakkies wat aan die appellant gelewer is voorheen gesteel is; dat hul koderingsnommers toe vervals is waarna hulle aan hul eienaars terugbesorg is, en dat weens daaropvolgende vervreemdings deur die eienaars hulle uiteindelik al vier deur Markos bekom is. Samevattend is dit dus waarskynlik dat die bewuste vier bakkies gesteelde voorwerpe was.

In die verbygaan dien gemeld te word dat die feit dat bakkie 1 as gesteel aangemeld is - gestel dat dit wel die geval was - nie noodwendig spreek teen Abrams se bewering dat die vervalste koderingsnommers van die vier bakkies waarop beslag gelê is dié was van vier wrakke wat nie tot die aan die appellant gelewerde bakkies heropgebou kon gewees het nie. Ek sê dit omdat bakkie 1 natuurlik na die veronderstelde diefstal as gevolg van, sê, 'n botsing in 'n wrak kon verander het.

Die respondent se advokaat het egter betoog dat Abrams nie uitdruklik sê waar hy kom aan die kennis dat die koderingsnommers waarna hy verwys voorheen dié van totale wrakke was, en dat die in beslag genome vier bakkies nie voor heropbouing sodanige wrakke kon gewees het nie. Dit is so, maar dit bring geensins mee nie dat Abrams nie uit eie kennis spreek nie of dat die betrokke getuienis slegs deur 'n deskundige - wat Abrams moontlik nie is nie - gegee kon gewees het. So byvoorbeeld is dit sekerlik nie vergesog nie dat Abrams die vier wrakke persoonlik kon besigtig het en dat sy waarnemings dié was wat selfs 'n leek kon gemaak het. En indien die respondent twyfel gehad het of die betrokke bewerings van Abrams toelaatbaar was, kon dit aansoek gedoen het om verlof om Abrams mondelings te laat getuig, of om 'n toepaslike verdere beëdigde verklaring in te dien.

Namens die respondent is ook met 'n beroep op die beslissing in *Westeel Engineering (Pty) Ltd v Sydney Clow and Co Ltd* 1968 (3) SA

458 (T) betoog dat al sou die in beslag genome bakkies gesteelde voorwerpe gewees het, die appellant nie ten opsigte van daardie bakkies (met uitsondering van die Toyota) uitgewin is nie. Dié beroep is mis. In *Westeel* was daar geen uitwinning van - of 'n dreigement van uitwinning teen - die uiteindelijke koper van 'n saak wat in besit daarvan was op die stadium toe sy onregstreekse voorganger 'n bedrag gelykstaande aan die beweerde waarde van die saak aan die eienaar daarvan betaal het nie. Derhalwe is beslis dat die voorganger ook nie uitgewin was nie. (Sien ook *Louis Botha Motors v James and Slabbert Motors (Pty) Ltd* 1983 (3) SA 793 (A).) In die onderhawige geval is die koopkontrakte van die ander drie bakkies egter gekanselleer voordat dit geblyk het dat hulle gesteelde voorwerpe was. Na die kansellasies het die drie kopers dus nie meer enige belang by die drie bakkies gehad nie. By ontstentenis van die kansellasies sou die drie bakkies nie aan die drie kopers terugbesorg gewees het nie, want hulle sou allig in kennis gestel gewees het dat die

bakkies gesteelde voorwerpe was en sou dus nie wettiglik in besit daarvan geplaas kon gewees het nie. Weens die kansellaries het die appellant teenoor die drie kopers op besit van die drie bakkies geregtig geword. Hy weet egter reeds van die diefstalle en daar is dus geen sprake dat die bakkies uit beslaglegging aan hom besorg sal word nie. Kortom, na die kansellaries het niemand ander as die appellant op grond van 'n titel wat regstreeks of onregstreeks na die koopkontrak tussen hom en die respondent teruggevoer kan word, 'n aanspraak op die drie bakkies gehad nie, en daardie aanspraak is weens die bepalings van die Wet verydel. In effek is die appellant dus wel uitgewin.

Dit is nog nodig om die kwessie van uitwinning betreffende die Toyota van nader te beskou. Onthou sal word dat hierdie voertuig op die perseel van die respondent in beslag geneem is nadat, volgens die appellant, die verkoop daarvan gekanselleer en dit aan die respondent teruggelewer was. As dit so is, was daar natuurlik geen sprake van

uitwinning van die appellant ten opsigte van die Toyota nie. Die respondent ontken egter die appellant se bewerings. Volgens eersgenoemde was die verkoop nie gekanselleer nie en het dit die Toyota ten tye van die beslaglegging daarvan namens die appellant besit. As dit die geval was, is die appellant in die lig van bostaande natuurlik wel uitgewin. Dit volg dus dat welke van die botsende weergawes ook al juis is, die appellant geregtig is op terugbetaling van die koopprys van die Toyota, sy dit dan ook op verskillende gronde. Hier dien nog gemeld te word dat die respondent se advokaat hom tereg nie beroep het nie op 'n verweer van *lis alibi pendens* betreffende die aksie wat die appellant voor aanhangigmaking van die aansoek vir terugbetaling van bedoelde koopprys ingestel het.

Die appèl slaag met koste en die bevel van die verhoorhof word deur die volgende vervang:

"Die aansoek slaag met koste en die respondent word gelas

om die som van R97 000 asook moratore rente teen 18,5%
per jaar aan die applikant te betaal."

H J O VAN HEERDEN AR

CORBETT HR

VIVIER AR STEM SAAM

MARAIS AR

VAN COLLER Wnd AR